basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# GESKIEDENIS V2

**NOVEMBER 2011**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

Final Approved Copy. Umalusi: approved
03-12-2011

DBE: Internal Moderator
Pillay
03/12/2011

Hierdie memorandum bestaan uit 33 bladsye

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2011 -12- 03
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde sal in hierdie vraestel geassesseer word:**

| LEERUITKOMSTE | ASSESSERINGSTANDAARDE<br><br>LEERDERS KAN DIE VOLGENDE DOEN: |
|---|---|
| **Leeruitkoms 1**<br><br>**(Geskiedkundige ondersoek)** | 1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word, te ontleed. **(Nie vir eksamendoeleindes nie.)**<br><br>2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. **(Nie vir eksamendoeleindes nie.)**<br><br>3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br><br>4. Bestudeer inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis. |
| **Leeruitkoms 2**<br><br>**(Geskiedkundige begrippe)** | 1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene.<br><br>2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word.<br><br>3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure. |
| **Leeruitkoms 3**<br><br>**(Vertolking van kennis en kommunikasie)** | 1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.<br><br>2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument saam te stel met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun.<br><br>3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word.<br><br>4. Dra kennis en begrip op verskillende maniere oor, insluitend besprekings (geskrewe en mondelings) debat, skep van 'n historiese skryfstuk deur die gebruik van verskillende genres, navorsingsopdragte, visuele voorstellings en mondelinge aanbiedings. |

**1.2 Die volgende vlakke vrae word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:**

| VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE | |
|---|---|
| **VLAK 1 (V1)** | • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.<br>• Organiseer die inligting logies.<br>• Verduidelik geskiedkundige begrippe. |
| **VLAK 2 (V2)** | • Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.<br>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.<br>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak. |
| **VLAK 3 (V3)** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.<br>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.<br>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sienings van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.<br>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities. |

**1.3 Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet aandag gegee word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

## 2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

### 2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:

| VLAK VAN VRAAG |
|---|
| **Vlak 1**<br>• Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die uitgebreide skryfwerk-vraag uiteengesit word.<br>• Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik. |
| **Vlak 2**<br>• Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.<br>• Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.<br>• Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel. |

### 2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM GEBRUIK IS.**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL.**
- **BY DIE ASSESSERING VAN DIE OOP BRONGEBASEERDE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD.**

**Globale assessering van uitgebreide skryfwerk**

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs "feite" neer te skryf om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om "modelantwoorde" voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

Kopiereg voorbehou

**Assesseringsprosedures by uitgebreide skryfwerk**

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.
2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (aangedui met 'n kolpunt), 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt), bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.
3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:
   - Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie — $\wedge$
   - Verkeerde stelling — ________
   - Irrelevante stelling — |
   - Herhaling — **R**
   - Analise — **A√**
   - Interpretasie — 1√
4. Die matriks

4.1 **Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7)**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bl. 7, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

4.1.3 Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | 18-19 |
| A | VLAK 5 | |

4.2 **Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 8)**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

| | | |
|---|---|---|
| I en A | VLAK 5 | 18 - 20 |



Kopiereg voorbehou

## GRAAD 12 ANALITIESE MATRIKS VIR UITGEBREIDE SKRYFWERK: PUNTETOTAAL: 30

| AANBIEDING / INHOUD | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING**<br><br>**INHOUD** | Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerde argument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig. | Goed beplan en gestruktureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike, onafhanklike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun. | Goed beplan en gestruktureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Kom tot onafhanklike slotsom. Gebruik getuienis om gevolgtrekking te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom op grond van getuienis Skryfwerk gestruktureerd | Argument beplan en gestruktureer. Sommige getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend/ poging om argument te ontwikkel. | Min sprake van analise en geskiedkundige verduideliking. Antwoord glad nie gestruktureerd nie. |
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is. | 27-30 | 24-26 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is | 24-26 | 23 | 21-22 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | | 21-22 | 20 | 18-19 | | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord.Gebreke ten opsigte van inhoud/ irrelevante inhoudseleksie. | | | 18-19 | 17 | 15-16 | | |
| **VLAK 3**<br>Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 15-16 | 14 | 12-13 | |
| **VLAK 2**<br>Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord. | | | | | 12-13 | 11 | 9-10 |
| **VLAK 1**<br>Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemal irrelevant. | | | | | | 9-10 | 0-8 |

# GRAAD 12 HOLISTIESE RUBRIEK OM UITGEBREIDE SKRYFWERK TE ASSESSEER (BV. 'N OPSTEL WAT VERWYS NA BRONNE, VERSLAG, NUUSBERIG, ENS.)

| VLAK | Indien die kandidaat **alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.** |
|---|---|
| **7**<br>**Uitstekend**<br>**80 – 100%**<br>**24 – 30**<br>**[Uitstekend]** | Fokus deurgaans op onderwerp – demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie 'n lys bronne neer te skryf nie)<br>Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne<br>Waar van pas, word teenargumente volledig bespreek<br>Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Druk hom-/haarself duidelik uit<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **6**<br>**Verdienstelik**<br>**70 – 79%**<br>**21 – 23**<br>**[Baie goed]** | Wend goeie poging aan om konsekwent te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Goeie gebruik van relevante bewyse uit bronne<br>Poog om teen-argument te oorweeg<br>Poog om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Goeie uitdrukking<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **5**<br>**Substantief**<br>**60 – 69%**<br>**18 – 20**<br>**[Goed]** | Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge<br>Begryp die meeste van die bronne<br>Gebruik die meeste van die bronne<br>Selekteer relevante bronne<br>Uitdrukking goed, maar daar is foute<br>Tekort aan diepte in oorhoofse fokus, en verwys nie na een of meer relevante bronne nie<br>As toepaslik, poog om teenargument te oorweeg.<br>Oppervlakkig of geen poging om 'n relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperktheid van bronne te verwys nie<br>Poog om standpunt in te neem (fokus op beperkings, ens.) om onafhanklike gevolgtrekking te maak. |
| **4**<br>**Gemiddeld**<br>**50 – 59%**<br>**15 – 17**<br>**[Bevredigend]** | Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus<br>Gemiddelde begrip van die meeste van die bronne<br>Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne<br>Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg<br>Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Uitdrukking bevredidend<br>Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel<br>Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak |
| **3**<br>**Toereikend**<br>**40 – 49%**<br>**12 – 14**<br>**[Redelik]** | Geringe poging om te fokus op die onderwerp<br>Min begrip van die bronne<br>Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig<br>Geen aanhalings nie – of oor die algemeen irrelevant<br>Wend geringe poging aan om teenargumente te oorweeg<br>Bronne word gelys<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Geringe uitdrukking<br>Geringe poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom) |
| **2**<br>**Elementêr**<br>**30 - 39%**<br>**09 – 11**<br>**[Swak]** | Kan nie op onderwerp fokus nie<br>Kan nie relevante bronne identifiseer nie<br>Geen aanhalings nie – of meestal irrelevant<br>Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie<br>Skryfwerk bloot 'n lys van bronne<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Baie swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem, indien enige |
| **1**<br>**Nie behaal nie**<br>**0 – 29%**<br>**0 – 8**<br>**[Baie swak]** | Geen poging om op die onderwerp te fokus nie<br>Maak glad nie gebruik van bronne nie<br>Heeltemal irrelevant<br>Skryf bron direk oor<br>Antwoord uiters swak |

## VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP SUID-AFRIKA GEHAD?

1.1

1.1.1 *[Verduideliking van die historiese konsep uit Bron 1A – V1 – LU2 (AS1)]*

**Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:**

- Die term beteken 'openlikheid' / geleentheid vir debattering
- Instelling van sosiale en politieke hervorming om verandering in USSR teweeg te bring bv. groter demokrasie
- Vermindering van media sensuur en het vryheid van uitspraak toegelaat
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Analiseer informasie uit Bron 1A – V2 – LU1 (AS3)]*

- Media kon nou oor korrupsie in die regering rapporteer sowel as die omstandighede waaronder die Russiese bevolking gelewe het
- Die media is toegelaat om die regering te kritiseer
- Dit het gelei tot die val van sy regering/kommunisme
- Kon nie die gevolge van Glasnost hanteer nie
- Kommuniste binne sy regering het sy hervormings teengestaan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*

- Hervormingsmaatreëls het nie die verwagte resultate gelewer nie
- Glasnost gee aanleiding tot meer kritiek van Gorbatsjof as die verwagte media vryheid wat gewone Russe verwag het
- Sy bedoeling om slegs kommunisme te hervorm was oorval deur onvoorsienbare omstandighede
- Onvoldoende steun van sy eie regering
- Glasnost het 'n te groot probleem geword en kon nie meer beheer word nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2 *[Verduideliking van informasie uit Bron 1B – V2 – LU1 (AS3)]*

- Om die ANC as 'n onafhanklike mag te projekteer
- Vir erkenning deur die Westerse lande
- Om die ANC voor te berei vir onderhandeling of om van die apartheidsregering oor te neem
- Om die ANC rigting te gee
- Verwagte beperkte finansiële ondersteuning van die USSR
- Om die weg te baan vir die beëindiging van apartheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 *[ Onttrekking van informasie uit Bron 1C – V1 – LU1 (AS3 en 4)]*

- Die dood/ineenstorting van kommunisme
- Die ineenstorting van USSR
- Die verdwyning van Marxisties-Leninistiese state
- Die val die Berlynse Muur
- Einde van Russiese materiële ondersteuning aan die ANC en SAKP
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou

1.3.2 *[Analiseer informasie uit Bron 1B – V2 – LU1 (AS3)]*
- Omdat kommunisme tot 'n einde gekom het in USSR
- Wêreldwye sameswerings teorie van kommunistiese oorheersing verdwyn
- Verdwyning van totale aanslag teorie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4 *[Ondersoek en verduidelik die wisselwerking tussen veranderde magsverhoudings uit Bronne 1B en 1C – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*
Kandidate moet na beide bronne verwys wanneer die vraag beantwoord word

**BRON 1B**
- Gee aan die ANC 'n geleentheid om sy beleid rakende onderhandeling met die apartheid regering weer in heroorweging te bring
- Die ANC moes sy wapen stryd 'militêre strategie' heroorweeg
- Enige ander relevante antwoord

**BRON 1C**
- Dit het die vrees vir die 'totale aanslag' verwyder
- Die einde van kommunisme in USSR het impliseer dat die ANC nie meer op Sowjet hulp kon staatmaak nie.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5

1.5.1 *[Analiseer informasie uit Bron 1D – V2 – LU1 (AS3 en 4)]*
- De Klerk moes verander
- De Klerk het apartheid afgeskaf
- De Klerk het tred gehou met wêreldwye politieke verandering
- De Klerk is gesien as 'n visioenêre leier
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.2 *[Analiseer informasie uit Bron 1D – V2 – LU1 (AS3)]*
- Apartheid/ afsonderlike ontwikkeling (enige 1 x 2) (2)

1.5.3 *[Analiseer en interpreteer informasie uit Bron 1D – V3 – LU1 (AS3)]*
**Kandidate moet die mate waarin hulle saamstem weergee:**
- Gorbatsjof stel perestroika in om kommunisme te hervorm
- Apartheid kon nie hervorm word nie, maar moes afgeskaf word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.4 *[Sintese van informasie om 'n oorspronklike argument te ontwikkel deur die gebruik van bewyse om die argument te ondersteun – V3 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*

**STEM SAAM**
- De Klerk het besef dat hy apartheid moes afskaf
- Die feit dat sy proses van verandering tred gehou het met gebeure wys dat hy pragmaties was in die ontluikende omstandigheid
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou 

**STEM NIE SAAM**

- Hy mag moontlik nie saam stem dat hy 'n minderwaardige rol gespeel het om apartheid te verander nie
- Die feit dat sy hervormings beïnvloed was deur ander gebeurtenisse mag impliseer dat hy deur eksterne/interne faktore beheer was
- Enige ander relevante antwoord (1 x 3) (3)

1.6 *[Keuse van Bronne 1C of 1D om hul bruikbaarheid te beklemtoon oor die invloed van Gorbatsjof se beleid op De Klerk – V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 – (AS2) LU3 – (AS2)*
**Kandidate kan of Bron 1C of Bron 1D kies en hul antwoord ondersteun met relevante bewyse.**

**BRON 1C** is bruikbaar as gevolg van die volgende:

- Dit is bruikbaar omdat dit geneem is uit 'n gepubliseerde boek en dit verduidelik hoe die ineenstorting van kommunisme die vrugbare grondslag gelê het vir onderhandelinge wat apartheid in Suid-Afrika sou beëindig
- Dit is bruikbaar omdat dit deur Suid-Afrikaanse historici (Giliomee et al.), wat op hoogte van sake was gedurende hierdie tydperk geskryf is.
- Dit is bruikbaar omdat dit insig gee hoe die val van kommunisme die weg gebaan het vir politieke hervorming in Suid-Afrika.
- Enige ander relevante antwoord

**BRON 1D** is bruikbaar as gevolg van die volgende:

- Dit is bruikbaar want dit kom uit 'n gepubliseerde boek en verduidelik hoe Glasnost De Klerk beïnvloed het om hervorming in te stel
- Dit wys hoe De Klerk sy hervormings op 'n praktiese manier implementeer het en daarom is dit relevant
- Die Bron is geskryf deur Allister Sparks, 'n gerespekteerde politieke analiseerder
- Dit is bruikbaar omdat Sparks 'n kritiek van die apartheid regering is maar hy gee krediet aan De Klerk
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

1.7 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die Bronne – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2 en 3); LU3 (AS2)]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Beleid van 'perestroika' (vir ekonomiese rekonstruksie) beïnvloed ekonomiese verandering in Suid-Afrika
- Einde van kommunisme het die val van kommunisme en die val van die USSR
- Val van kommunisme gee De Klerk politieke ruimte om gewaagde hervormings-skuiwe te maak en apartheid af te skaf
- Met die val van kommunisme kon die ANC nie langer op die USSR staatmaak en moes met De Klerk onderhandel
- Gorbatsjof se beleid het die ANC beïnvloed om te herdefinieer/herposisioneer en om te onderhandel met die Nasionale Party
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse bv. **toon min of geen begrip van hoe glasnost en perestroika aanleiding gegee het tot onderhandelinge tussen die NP en die ANC**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf te skryf of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon 'n begrip van hoe glasnost en perestroika aanleiding gegee het tot onderhandelinge tussen die NP en die ANC**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier om 'n paragraaf te skryf | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe glasnost en perestroika aanleiding gegee het tot onderhandelinge tussen die NP en ANC**<br>• Gebruik bewyse effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **Punte: 6 – 8** |

(8)

Kopiereg voorbehou

## 1.8 UITGEBREIDE SKRYFSTUK

1.8.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasie vaardighede. - V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik hoe die ineenstorting van die USSR, Suid-Afrika se politieke toekoms beïnvloed het.

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

HOOFASPEKTE
- Inleiding: Kandidate moet verduidelik hoe die ineenstorting van die USSR, Suid-Afrika se politieke toekoms beïnvloed het en hoe dit die weg gebaan het vir onderhandelinge.

UITBREIDING
- Gorbatsjof se rol in die beëindiging van kommunisme – instelling van glasnost en perestroika in Rusland
- Die uitwerking van glasnost en perestroika op Suid-Afrika
- Die ineenstorting van kommunisme bied aan De Klerk politieke ruimte om hervormings mee te bring
- De Klerk kon nie argumenteer dat apartheid die vloedgolf van kommunisme stuit nie
- Verbode politieke organisasies kon nie meer na verwys word as 'kommunis geïnspireerde terroriste'
- De Klerk was forseer om te onderhandel met gewese verbode politieke organisasies soos die ANC
- Bevrydingsorganisasies moes die gewapende stryd prysgee om die proses van onderhandelinge te begin
- Die weg gebaan vir onderhandelinge met die ANC wat aanleiding gegee het tot die demokratisering van Suid-Afrika
- Proses van onderhandeling was begin om apartheid te beëindig
- [USSR se ekonomiese stagnering beïnvloed politieke verandering in Suid Afrika]
- [Die VSA se ontrekking van hulp aan die NP – affekteer Suid Afrika se politieke toekoms]
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet hul bespreking in 'n relevante slot saamvat (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skryf stuk te assesseer**

1.8.2 *[Sintese van informasie om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur die gebruik van bewyse uit die al Bronne en eie kennis om argument te ondersteun – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS
Kandidate moet of saamstem of nie, met die aanname dat die ANC apartheid in Suid-Afrika beëindig het. Hulle moet 'n gedagtegang aanneem en hul antwoord toelig met historiese bewyse.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet demonstreer tot watter mate die ANC bygedra het tot die beëindiging van apartheid.

UITBREIDING
**Deur met die stelling saam te stem moet kandidate die volgende punte in hul uitbreiding insluit:**

- Die Glasnostbeleid het die weg gebaan vir beide die ANC en die PAC om te hervorm
- Daar was druk van belangrike magte om te werk in die rigting van 'n vreedsame oplossing
- Die ANC het homself in 'n posisie bevind om aanvaarding te vind van Westerse lande
- Die verdwyning van Marxisties-Leninistiese state en die val van die Berlynse Muur het die ANC geaffekteer
- Die Klerk het hervorming begeer
- USSR se ekonomie was nie in staat om hulp aan Afrika te gee nie
- Suid Afrika se ekonomie het geval in 1989
- Die ANC se stryd om selfbeskikking het begin
- Die ANC en die regering moes 'n vreedsame en werkbare oplossing vind
- Die apartheidsregering het die geleentheid aangegryp om met die ANC te onderhandel want daar was nie meer 'n bedreiging van die Sowjetunie nie
- Beide die NP en die ANC het kennis geneem van interne faktore (ekonomie, stagnasie, onrus, finansiële krisis ens) om die land se toekoms te verseker
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

**Deur nie met die stelling saam te stem moet kandidate die volgende punte in hul uitbreiding insluit:**

- FW de Klerk, 'n konserwatiewe politikus vervang PW Botha as leier van die NP
- Gorbatsjof was die nuwe verkose algemene sekretaris van die USSR
- Gorbatsjof stel sy beleid van Glasnost in wat gemik is op politieke verandering
- Die ineenstorting van kommunisme in Oos Europa het dit vir De Klerk moontlik gemaak om die ANC en ander buite parlementêre organisasies te ontban
- Die einde van die Koue Oorlog het dit vir De Klerk moontlik gemaak om onderhandelinge te begin
- De Klerk kondig die vrylating van Mandela aan– 'n stap om apartheid te beëindig
- De Klerk glo dat die ineenstorting van die USSR die politieke situasie in Suid-Afrika beïnvloed het
- De Klerk erken dat politieke verandering onafwendbaar is
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet hul bespreking in 'n relevante slot saamvat. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfstuk te assesseer** **[75]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJETUNIE BYGEDRA TOT DIE HERVOORSTELLING VAN EGIPTE IN DIE 1990's?

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V2 – LU2 (AS3)]*
- Ineenstorting van die Sowjet Unie
- Westerse hulp aan Afrika state was verminder (2 x 2) (4)

2.1.2 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2A – V1 – LU1 (AS3)]*
- Internasionale Monetêre Fonds (IMF)
- Wêreld Bank (2 x 1) (2)

2.1.3 *[Vergelyking en Interpretering van bewyse uit Bron 2A – V3- LU1-(AS3]*
- **Westerse ekonomiese sisteem**- gebaseer op kapitalistiese beginsels; private kapitaal; hoë produksie vlakke; uitbuiting van werkers; swak besoldiging en toename in profyt
- **Sowjet ekonomiese sisteem-** gebaseer op kommunistiese beginsels; staat beheer; arbeid intensief; menseregte skending; swak werksomstandighede
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.1.4 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2A – V1 – LU2 (AS3)]*
- Hulp van die VSA (1 x 1) (1)

2.1.5 *[Verduideliking van historiese konsepte uit Bron 2A – V2 – LU1 (AS3)]*

**Sosialisme**
- Samelewing so georganiseerd om ongelykhede te voorkom
- Die kollektiewe belang van die hele samelewing moet bo die individuele belange van die lede wees
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

**Vrye Mark**
- Ope ekonomie, toelaat vir buitelandse maatskappye om te belê
- Vrye handel word aangemoedig
- Tariewe op invoer produkte is laag
- Minder subsidies op verbruikers goedere
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.6 *[Evaluering van Bron 2A vir regverdiging- V3 - LU3 (AS3)]*
**Kandidate kan aandui of regverdig en nie regverdig en hul antwoord ondersteun met relevante bewyse**

**REGVERDIG**
- Ryk nasies wou hul profyt vermeerder/verdubbel
- Hulle was befonds deur die Wêreld Bank en die Internasionale Monetêre Fonds wat waarde vir hul beleggings wou hê
- Profyt was die motief vir beleggers
- Hulpbehoewende lande moes waak teen misbruik van buitelandse hulp
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou

**NIE REGVERDIG**
- Beteken minder verantwoordelikheid van staat om vir dienste in Egipte te sorg
- Staat het vir min werkgeleenthede voorsiening gemaak
- Privatisering beteken meer inflasie omdat privaat besighede meer profyt wou maak
- Dit het 'n negatiewe uitwerking op werkskepping van gewone mense gehad
- Gaping tussen ryk en arm vergroot – toename in armoede
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Interpretasie en evaluering uit Bron 2B – V2 – LU1 (AS3)]*
- Hy was onverdraagsaam ten opsigte van opposisie
- Diktator
- Min vryhede en geleenthede vir gewone Egiptenare
- Hy het nie 'n maatskaplike ontwikkelingsplan in plek gehad nie
- Swak ekonomiese beleid – hoë inflasie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2 – LU1 (AS3)]*
- Ongelyke ontwikkeling
- Hoë inflasie
- Vermindering in subsidies
- Begroting beheer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1 ) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van Bronne 2A en 2B – V2 – LU1 (AS3)]*

**(a) Welgestelde Egiptenare**
- Hoë lewenstandaard was gehandhaaf
- Het ryker geword, meer profyt gemaak
- Het baie van die land se rykdom beheer
- Kinders het die beste skole en universiteite bygewoon
- Aangehou om die voordele te benut wat die Egiptiese regering aan hulle gegee het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

**(b) Meerderheid Egiptenare**
- Lewenstandaarde het versleg
- Inflasie het toegeneem
- Oorbevolking
- Armoede styg
- Vermindering in regerings subsidies
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3

2.3.1 *[Interpretasie en evaluering van Bron 2C – V2 – LU1 (AS3)]*

- Mubarak se bestuur van Egipte vergelyk met die huidige stand van sake (politieke en ekonomiese wanbestuur)
- Sy regering het staat gemaak op die ondersteuning van die leer
- Regering het slegs die ryk handelsklas bevoordeel
- Egipte onder Mubarak word voorgestel as siek en kwynend
- Spotprenttekenaar kan bevooroordeeld wees teenoor die regering van Hosni Mubarak (enige 1 x 2) (2)
- Enige ander relevante antwoord

2.3.2 *[Interpreteer en evalueer Bron 3C – V3 – LU1(AS3)]*
**Kandidate moet aandui of die spotprent akkuraat is of nie en hul antwoord ondersteun met relevante bewyse.**

**AKKURAAT**

- Hy was polities korrup bv. onverdraagsaam teenoor opposisie
- Ekonomiese beleid het slegs klein groepie bevoordeel bv. Ryk en regerende klasse
- 20 % - 30% of 80 miljoen Egiptenare lewe in armoede
- Swaar op die leer staat gemaak
- Enige ander relevante antwoord

**NIE AKKURAAT NIE**

- Sommige Egiptenare trek voordeel uit sy beleid
- Subsidies was beskikbaar om armoede te verlig
- Het stabiliteit in die Midde Ooste meegebring (enige 2 x 2) (4)
- Enige ander relevante antwoord

2.3.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bron 2C – V3 – LU1 (AS4)]*

- Geldigheid van die bron kan bevraagteken word
- Bron is bevooroordeeld, dit weerspieël slegs die siening van die spotprenttekenaar/ouditeur
- Maak voorsiening vir 'n teenstrydige standpunt
- Dit is 20 jaar na die val van kommunisme geteken - relevant
- Die spotprent is egter relevant omdat dit wys wat mense van die politieke en ekonomiese situasie gedink het in Egipte gedurende die tyd
- Die betroubaarheid van die bron kan bevraagteken word omdat dit gebaseer is op veralgemenings (enige 2 x 2) (4)
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou

2.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse van al die Bronne – V3 – LU1 (AS 3 en 4), LU2 (AS1, 2 en 3) LU3 (AS 1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate kan van die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Na 1989 het Egipte nuwe 'n nuwe ekonomiese beleid ingestel (neo-liberalisme)
- Ekonomie oopgestel vir invoere en buitelandse beleggings
- Meerderheid Egiptenare het nie voordeel getrek uit die nuwe ekonomiese beleid
- Privatisering van staatseiendom gee aanleiding tot werkloosheid
- Inflasie beteken hoër pryse vir Egiptenare
- Mubarak het nie die weghol armoede en werkloosheid aangespreek nie
- Lewenstandaarde daal
- Meer Egiptenare het arm geword en ontberinge ervaar
- Vermindering in subsidies het die omstandighede vererger
- Weermag speel 'n rol in die korrupsie
- Regering se onbevoegdheid om werkbare beleide in te stel
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. **toon min of geen begrip hoe die implementering van liberale ekonomiese beleide aanleiding gegee het tot 'n ongelyke gemeenskap in Egipte**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf te skryf of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon 'n begrip hoe die implementering van liberale ekonomiese beleide aanleiding gegee het tot 'n ongelyke gemeenskap in Egipte**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier om 'n paragraaf te skryf | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die implementering van liberale ekonomiese beleide aanleiding gee het tot 'n ongelyke samelewing in Egipte**<br>• Gebruik bewyse effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **Punte: 6 – 8** |

(8)



Kopiereg voorbehou

## 2.5 UITGEBREIDE SKRYFSTUK

2.5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasie vaardighede - V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3(AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik hoe die ineenstorting van die USSR bygedra het dat Egipte homself herstruktureer het gedurende die 1990's.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit.

- Inleiding: Kandidate moet 'n uitspraak maak hoe die ineenstorting van die USSR Egipte gedurende die 1990's affekteer het of enige ander relevante inleiding.

UITBREIDING

- Sosialistiese ekonomiese beleide is vervang met kapitalisme
- Wêreld monetêre instellings beïnvloed Egipte om sy ekonomiese beleid te verander
- Die uitwerking van die Wêreld Bank en Internasionale Monetêre Fonds op die ekonomie en die gevolge daarvan
- Die resultate van die regering se ekonomiese beleid op Egipte
- Politieke korrupsie en hoe dit invloed Egipte beïnvloed het
- Ongelykhede onder die bevolking (Ryk teenoor Arm)
- Invloed van inflasie op Egipte
- Ongevoeligheid van die ryk regerende stand teenoor die armes
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet hul argument in relevante slot saamvat. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skryf stuk te assesseer**



Kopiereg voorbehou

2.5.2 *[Sintese van informasie om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur die gebruik van bewyse vanuit al die bronne en eie kennis om die argument te steun - V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4]*

SINOPSIS

Deur gebruik te maak van al die Bronne sowel as hul eie kennis, moet kandidate aandui of hulle met die stelling saam stem al dan nie. Hulle moet duidelik 'n relevante gedagterigting inneem en wys hoe die politieke en ekonomiese beleide van Hosni Mubarak die basiese regte van Egiptenare geskend het.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord in sluit.

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saam stem of nie en wys hoe hulle beoog om hul gedagtegang te ondersteun.

UITBREIDING

- Uitwerking van die Koue Oorlog
- Neo-liberale ekonomiese beleid/IMF/Wêreldbank het bygedra tot armoede en werkloosheid van Egiptenare
- Egiptenare se persepsie dat die nuwe beleid 'n mislukking was
- Geen vertroue in die ekonomie van Egipte
- Weghol armoede weens die ongelyke ontwikkeling wat die rykes bevoordeel het
- Regering het nie armoede effektief aangespreek nie
- Wys onverdraagsaamheid teenoor demokratiese waardes
- Egiptenare het vertroue verloor in Mubarak se leierskap
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet hul antwoord in 'n relevante slot saamvat (30)

**Indien kandidate nie met die stelling saamstem nie moet hulle, hul argument toelig met relevante bewyse**

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om die uitgebreide skryf stuk te assesseer** **[75]**